

Bybel-kennisontploffing

Die neiging binne die groot Kerke om van alle "kettere" ontslae te raak is natuurlik konstitusioneel of kerkregterlik korrek. Die kerk mag tog toepas op mense wat nie meer alles aanvaar wat in die kerk se belydenisskrifte en leer verwoord is nie. Of dit wys is, is 'n ander saak. Kan, of wil, die kerk beheer neem oor die totale geestelike wordingsgang van sy individuele lidmate?

Die huidige kerk en die samestelling van sy lidmate is tog totaal anders as in die tyd van Nicea, Calvyn en Luther, wat self honderde jare terug geleef het. Die geleterdheidsgraad is gans verskillend, terwyl die meeste mense self die Bybel met insig kan lees as hulle maar net sou probeer. Daarom kan meer mense sien dat daar nie 'n totale eenheidsteologie van Genesis tot Openbaring is nie en dat daar baie meer sienings in die Bybel is as wat kerkgebonde teoloë wil erken of toegee.

In die tyd van Jesus en tot by die derde en vierde eeu is al die verskille, wat nou weer op die tafel is, verteenwoordig deur die verskillende groepe van Jesus se volgelinge.

Keiser Konstantyn het in 325 AD druk op die verskillende kerklike groepe geplaas om ter wille van politieke stabiliteit en eenheid en deur gekonkelde kerkvergaderings en lang onderhandelingsprosesse die verteenwoordigers te forseer om tot 'n "Empire Religion" kompromie te kom. Die minderheidstemme is daarna letterlik en figuurlik stilgemaak. In die proses van daaropvolgende onderhandeling is Athanasius, die Biskop van Alexandria en 'n voorstander van die groep wat Jesus wou gelykstel aan God, in die bestek van sy eie lewe, vyf keer alternatiewelik tot ketter of ortodoks verklaar deur die verskillende kerkvergaderings. Dit is in dié tydvak waarin die Nicea en later belydenisskrifte hul beslag gekry het. Die ander groep wat tydens alternatiewe vergaderings in die meerderheid was, het eerder bely dat Jesus totaal vervul was met die Heilige Gees, derhalwe 'n spesiale Geesge vulde mens was en daarom 'n spesiale Seun van God was in die tradisie van Moses, Elia, die ander groot profete en Dawid.

Dié saak en nog vele ander wat met dié standpunte verband hou, was nie eens in die vyfde eeu totaal uitgeklaar nie. Verskeidenheid pleks van ortodoksie was 'n beter omskrywing van die vroeë Christelike kerk.

Die huidige verskeidenheid verteenwoordig deur letterlik honderde Christelike kerke oor die wêreld heen getuig tog self van die feit dat jy baie "dogmas" kan aflei vanuit dieselfde Bybel.

Voeg nou hierby die geweldige klomp vroeë Christelike en Joodse geskrifte wat minder as ongeveer 65 jaar terug herontdek is. Hulle kan vir die eerste keer weer vir hulself getuig. Dit beklemtoon verder die ryke verskeidenheid van spiritualiteit in die tyd en dit behoort tog seker 'n spreekbeurt gegun te word.

Dat 'n predikant, vir Josua (Jos.24), wat die Israeliete duisende jare gelede gewaarsku het teen afgodediens in 'n primitiewe gemeenskap, nou 'n spreukbeurt te gee oor hedendaagse "ware leer" en afgodediens, gemik op andersdenkende Bybelwetenskaplikes in die 21ste eeu, is absoluut verbasend.

Die kern van die probleem lê eerder in die vinnig ontwikkelende, nie-kerklik en nie-eedgebonde Bybelwetenskaplike kennisontploffing, oor die wêreld heen, wat nou die kerk gebonde teoloë bedreig laat voel. Die probleem gaan nie weggaan nie en

ignorering van die proses van wetenskapsbeoefening en die gepaardgaande kennisontploffing gaan nie gou afneem nie. Die oorlewing van die groot kerkgenootskappe sal nou gekoppel wees aan die ruimte wat hulle skep vir die meer belese en volwasse spirituele lidmate.

Albie Gibson

albie@astonbay.co.za